***Foto 5.35*** *Halssieraad vervolg ...*

***Foto*** *5.35*



*Hierdie halssieraad word **nyeleti** (ster) genoem. Die band is volgens die **xizambana**-tegniek gemaak. Sommige vrouens noem hierdie stuk dus **xizambana**.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.36 **Xidlalatana***



***Foto** 5.37 (a) **Maranga***

*Die pasgebore baba dra hierdie kralestuk om die nekkie ter verstewiging. 'n Kralestring, **rintoto**, word om 'n basis gedraai. Die basis bestaan uit 'n gerolde stuk lap of gebondelde gras. Die punte vorm 'n knoop, **qonto**. Dit word met 'n knoop aan mekaar vasgehaak.*



***Foto 5.37 (a) en (b)** Halssieraad wat op skouers rus*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto 5.37*** *Die* ***maranga***

***Foto*** *5.37 (b)*



*Let op die asimmetriese aanwending van die motiewe wat dikwels by die Tsonga voorkom.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



***Foto** 5.38*




*Vrouens dra **maranga** tydens 'n dansgeleentheid. Die skouerlappe rus op die skouers. Die skouerdoeke, **minceka**, word om die middel geknoop, omdat die vrouens gereed maak vir hulle dansvertoning.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto 5.39 Xiqovochela** of **xikhapa***

***Foto** 5.39*



*Die stuk word genoem volgens die motief.* ***Xiqovochela xa xisahani*** *(saag).*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.40 **Xiqovochela xa nyeleti** (ster)*



*Hierdie is dieselfde hals-kralesieraad as op foto 5.39, slegs van agter vertoon.*

*Die voorstuk en die rugstuk is met 'n **thumbu** aan mekaar vasgeheg. Die foto toon duidelik hoe dit gedra word. Moderne voorbeelde (foto's 5.17, 5.63) bestaan uit een pant en word met spelde voor of agter vasgesteek.*

*Oud en jonk kan hierdie sieraad dra as hulle gaan dans.*

*Die "lap" of kralestuk alleen is **xiqovochela**. Die motief vertoon sterre. Die stuk word dan kortweg net **nyeleti** (ster) genoem. Die regte benaming is egter **xiqovochela xa nyeleti**.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



***Foto 5.41 (a) en (b)*** *Arm en beenversierings*

***Foto** 5.41 (a)*



***Weer eens is daar nie 'n versamelnaam nie en word hierdie beenringe na die tegniek genoem.***

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.41 (b)*



*Klokgewys, beginnende in voorgrond: armband: **xiphodzo;** arm en beenringe: **swikhurumudzu**; oorbelle: **vuhlalo bya tindleve**; armringe van gedraaide kralestringe: **xifejani**.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.42 Armband vir klein dogtertjies: **xiphodzo***



*Klein dogtertjie dra dit wanneer sy die dag die eerste keer uit die hut uitkom.*

***Foto** 5.43 Armband vir vrouens: **xiphodzo***



*Word ook soms **makume** genoem. Vergelyk foto 5.21 (c) om te sien hoe hierdie sieraad gedra word. Let op die verskeidenheid patrone. Die tegniek is egter **ntomani** (mopaniewurm).*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto 5.44** Volledige dansuitrusting: modern*

***Foto** 5.44*



*Let op die beenringe van metaal en van plastiek. Die plastiekringe in die Tsonga se tradisionele kleure vervang die tradisionele kralering soos op foto 5.41.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto*** *5.45*



*Volledige dansuitrusting : tradisioneel.*

*Let op die tradisionele heupversiering op foto 5.45, 5.46. Dit word* ***xifunga*** *genoem, maar word vandag nie meer aangetref nie. Kleurvolle doeke en baie stringe bont plastiekkrale,* ***thikwini****, vervang hierdie tradisie.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

*Foto 5.46*



*Die tradisionele dansuitrusting van agter. Vergelyk met die moderne uitrusting op foto 5.44.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.47*



*Kenmerkende kleredrag van 'n persoon beset deur voorvadergeeste **(xikwembu)**.*

*Die kort rompie, **xigejo**, met **ndlama** en **xiqovochela** bedek.*

*Die blou en die rooi doeke met wit krale wat soos rompe gedra word, word **xiyandhana** genoem (vgl. foto 5.24 - 5.25).*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



***Foto** 5.48 Heupsieraad : **xanga***



*Een van die min kralesierade met magies-religieuse eienskappe.*

***Foto** 5.49*



*Die naam **xanga** wat aan hierdie voorwerp gegee word, is eintlik die naam vir die klein koperstafie wat in hierdie stuk weggesteek word. Hierdie **xanga**, of koperstafie mag nie deur mans gesien word nie. Dit word aangetref in die middel van die boonste gedeelte.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

*Foto 5.50 (a)*



*Foto 5.50 (b)*

*Hierdie besondere **xanga** is net een keer in die veld aangetref. Die koperstafie, die eintlike **xanga** word met krale oortrek om dit te versteek. Hierdie kralestuk word om die Tsongapop se middel geplaas, soos foto 5.50 (b) toon, en dien as heupsieraad.*




***Foto 5.50 (b)***

*Die **madliridliri**, Tsongapop, dien as bêreplek vir hierdie **xanga**.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012


***Foto 5.51 (a) en (b)***

***Foto** 5.51 (a)*



*Hierdie **xanga** toon duidelik die ooreenkoms met die Tsongadansromp wat op foto 5.51(b) gesien kan word. Dit is slegs 'n miniatuur weergawe met miniatuur **xiqovochela**, kralelappies, vasgeheg op die omslag. Die simboliek dui op vroulikheid.*

***Foto** 5.51 (b)*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto** 5.52 **Minxanga***



*Nog voorbeelde van die **xanga** wat al die kenmerkende eienskappe daarvan besit. Let op die verskillende motiewe: **nyeleti** (ster), **xisahani** (saag), **ndhayimani** (diamant). Die randafwerking aan die onderkant is **makhaxa**, tossels, en bo kan die **xizambana** gesien word waarin die koperstafie, **xanga**, versteek is. Klokkies, gordynringe en koperplaatjies kan ook gesien word.*

***Foto** 5.53 (a) Skouerdoek, **nceka**, met motiewe van krale*



***Foto*** *5.53 (b) Skouerdoek,* ***nceka***





***Foto*** *5.53 (c)* ***Nceka*** *oor die vrou se skouer gedrapeer*

*Kleurkrale word gebruik vir die motiewe. Die ander effekte word verkry deur koperhaakspelde in die doek te steek.*



***Foto 5.53 (c)***

*Die* ***nceka*** *met die koperhaakspelde word nog dikwels aangetref, veral in die Hlangananigebied waar vrouens baie moeite met kleredrag en kralesierade doen.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



***Foto** 5.54 (a) Dogter uit die inisiasieskool, **khomba***



*Haar hele voorkoms sê vir die ingeligte waarnemer dat hierdie meisie die inisiasieskool bygewoon het. Tydens die **khomba** dra sy kleurkrale, maar ...*

***Foto** 5.54 (b)*



*wanneer die inisiasie afgehandel is, word slegs die wit krale as halssieraad gedra. Die twee skouerdoeke wat sy dra is eg tradisioneel. Die onderste een word **xitswirirani** genoem (vgl. foto 5.81 (b)) en die boonste **nceka** is **tsama-n'ta-vuya**.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

***Foto 5.55** Die Tsonga poppie, **madliridliri***



***Foto 5.55***

*Op hierdie foto is die **madliridliri** van wol vervaardig. Normaalweg word krale gebruik. Let op die miniatuur-**nceka**.*

***Foto** 5.56 **Nceka***



*Hierdie skouerdoek vertoon 'n motief wat baie algemeen by die Tsonga voorkom op **nceka**, op kralewerk, hutmure en as tatoeëermerk. Die motiewe is van krale gewerk.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012